

Wins met lamhokke beduidend hoër


Lamhokke tesame met ooivoeding wat op produksie gefokus is, kan skaapboere 'n beduidende hoër wins per ooi verseker.



Mnr. Dolf Bam



Mnr. Martin Bam, Dolf se neef, met een van die Dormerstoetramme wat hulle in die stelsel gebruik om die ooielaparoskopie met vars semen te insemineer.



Die lamhokke is in dié skuur. Die skuur is 900 vierkante meter groot. Gruis is oor die vloer gestrooi, wat die urine absorbeer en nie so koud soos beton is nie. Ná elke lamsiklus word al die beddegoed verwyder, die gruis ontsmet en 'n laag landboukalk daaroor gestrooi. Daar is ses groot deure op die punte van die skuur en 'n halfmeter-opening aan die bokant van die mure wat sorg vir voldoende ventilasie.

Pas nadat mnr. Dolf Bam sy loopbaan as beroepsoldaat vaarwel toegeroep het om saam met sy pa en broer te gaan boer, moes hulle skielik hul melkery, wat vir 'n goeie kontantvloei gesorg het, sluit omdat Nestlé nie meer hul melk wou koop nie.

Ná heelwat kopkrap het hulle besluit om te begin met 'n lamhokstelsel waarin hulle hul Dormerooie volgens hul produksie voer. Dít het hul wins per ooi dramaties verhoog en hulle kon sodoende deur die jaar lammers bemark en die kontantvloei van hul onderneming in stand te hou.

Dolf en sy broer Thys boer vandag saam op die plaas Waterval tussen Amersfoort en Wakkerstroom in Mpumalanga. Thys behartig hoofsaaklik die saaiboerdery. Dolf sien om na die skaapboerdery en die finansiële bestuur.

In hul soeke na die regte skaapas vir die stelsel het hulle kennis gemaak met mnr. Johann Theron, 'n Dormerteler van Volksrust, en Jacques de Wet, wat toe in besit was van die bekende Aan-de-Vallei-stoetery van wyle mnr. Piet de Wet van Swellendam. Die 44 jaar oue Aan-de-Vallei-Dormerkudde se nuwe tuiste is nou op Waterval as deel van 'n groepteelskema.

Die mediumraam-Dormer-ooi was vir hulle die aangewese dier om te gebruik in 'n versnelde lamstelsel waarvolgens elke ooi drie keer in twee jaar lam. Die Dormers se teelsiklus is nie tydgebonde nie en hulle kan enige tyd van die jaar gepaar word. Daarby is dié ooi baie vrugbaar, het uitstekende moedereienskappe en 'n hoë melkproduksie, wat 'n goeie gemiddelde daaglikse gewigstoename (GDT) by die lammers verseker.

Reproduksie is die grootste winsdrywer in die versnelde lamstelsel, en die doelwit van hul kudde is om 2,5 lammers per ooi per jaar op die plaas te speen. Tans staan hulle op 2,25 lammers per ooi per jaar.

Hul stelsel bestaan daaruit dat 10 groepe van 250 ooië in die lamhokstelsel lam in 'n skuur wat spesiaal vir dié doel opgerig is. Daarvoor het 'n mens 1 800 volwasse en 600 vervangingsooie nodig. In hul geval sluit dit die 500 stoetooie in ("Lamhokstelsel die geld werd", bl. 18).

Om die lamhokke optimaal te benut, word ál die stoet- en kudde-ooie gesinchroniseer en laparoskopie geïnseneer. Met 'n besetting wat wissel van 75% tot 89% word 300 ooië tien maal per jaar geïnseneer om genoeg ooië te laat lam om ál 252 hokke op 'n slag te benut.

Die groep van 300 ooië word 14 dae ná inseminasie vir net 7 dae by opvolgramme gesit. Die sowat 30 ooië wat deur dié ramme gedek

word, lam 17 dae later en word dan saam met die volgende maand se groep ooie gehanteer en bestuur.

Hoofsaaklik vars saad van hul eie ramme word gebruik, wat sorg dat tot 20% meer ooie van die vars saad dragtig raak. Hulle gebruik bevrore saad vir uitgesoekte stoetooie, maar net as meerderwaardige teelmateriaal beskikbaar is.

Boere kla laparoskopiese KI is te duur en die indruk bestaan dat 'n ooi net een keer so dragtig raak en dan sukkel om weer dragtig te raak. Die Bams se inligting wys dat ooie herhaaldelik op hierdie manier dragtig geraak het.

Dit is nie die metode van inseminasie wat die probleem is nie, maar eerder die voeding en bestuur van die skape. Energie sorg vir reproduksie. Hoe beter die kondisie (minstens 'n 3,5-kondisiepunt) met paring, hoe hoër is die lampersentasie. Tê vet ooie sal egter ook swakker reproduseer.

Die regstreekse koste van sinchronisasie en laparoskopiese KI word oor en oor verhaaldeur die verhoogde teelwaarde van die nageslag en die optimale benutting van die geriewe. Tot 150 ooie per dag kan met die vars saad van 'n puik ram geïnsemineer word. Dit beteken hulle kan 'n puik ram se semen vir tot 1 500 ooie per jaar in hul stelsel gebruik. Met gevriesde semen is die moontlikheid onbeperk.

Dit bring 'n geweldige besparing ten opsigte van ramme mee. Met net 6 goeie stoetramme en 15 opvolgramme kan hulle 3 000 ooie per jaar (300 ooie tien keer per jaar) laat dek. Om dié ooie in twee groepe van 1 500 elk natuurlik te kan paar, sal minstens 50 ramme nodig wees.

Vinnige, genetiese vordering is waarskynlik die grootste enkele voordeel van laparoskopiese KI. Deur 'n ram met 'n BLUP-teelwaarde van +2 vir speengewig by 'n groter groep ooie te gebruik, kan 'n boer tot R24 meer per slaglam kry.

Dit verseker eenvormige groepe lamms wat almal in dieselfde week aankom en saam bemark of gepaar kan word. Beter seleksie is ook moontlik omdat lamms wat swak presteer, maklik uitgeken kan word. Dit alles regverdig die koste van dié KI-metode.

Gefokusde voeding, die regte voeding teen die regte peil op die regte tyd, is nodig vir die welslae van dié produksiestelsel. Hulle fokus op die fisiologiese stadiums van die teelooi met die klem op die optimale benutting van natuurlike weiding en selfgeproduseerde voer, tesame met die oordeelkundige gebruik van gekoopte voerkonsentrate om tekorte aan te vul. Kundige hulp is hier onontbeerlik. ►



Ooie lam in dié hokke onderdak. Hulle word glad nie gesteur nie sodat veral die ooie met meerlinge 'n band met al hul lamms kan vorm. Die hokke is 1,5 meter by 1,5 meter groot. Dennesaagsels word vir beddegoed vir die skape gebruik en tydens die lamtyd word saagsels daagliks bygevoeg om die hokke droog te hou.



As die ooie uit die lamhokke kom, word hulle in klein kampies gehou tot die lamms sterk genoeg is om veld toe te gaan. Hier is 15 ooie elk met 'n drieling in so 'n kampie.

◀ Die lammers word op 60 dae tot 70 dae gespeen. Hulle verseker dat vervangings-ooitjies optimaal uitgroeï omdat dit die leeftyd-produksie en reprodusietempo van die ooie verhoog. Ná speen kry hulle steeds kruipvoeding tot hulle 120 dae oud is en gemiddeld 44 kg weeg. Dié kruipvoerrantsoen bevat 'n hoë persentasie deurvloei-eiwitte met die regte aminosuur-profiel.

Daarna kry hulle 'n goedkoper rantsoen, maar een wat verseker dat hulle steeds teen 100 g tot 150 g per dag groei om die teikengewig van 80% van die volwasse gewig te bereik op die ouderdom van 10 maande tot 12 maande wanneer die ooilammers gepaar word. Prikkelvoer word oordeelkundig gebruik vir veral volwasse ooie wat skraal is.

Hulle laat die ramlammers op dieselfde manier uitgroeï, afgesien daarvan dat die stoeten verkooppramme die kruipvoerrantsoen tot op die ouderdom van agt maande kry.

Hulle hou slaglammers op dieselfde rantsoen om die goeie groeipotensiaal van die Dormers optimaal te benut. Hulle lewer hoofsaaklik A2-karkasse met 'n gemiddelde karkasgewig van 22 kg op 100 dae tot 120 dae. Die lammers slag gemiddeld 48% uit.

In die eerste 30 dae ná paring of KI moet nie onnodig met die ooie gewerk word nie. Enige gewigsverlies moet ook voorkom word omdat dit embrio-resorpsie kan veroorsaak.

Tydens die tweede en derde maand van dragtigheid (middragtigheid) is voldoende voeding noodsaaklik om optimale groei van die plasenta te verseker. Dit help dat die lammers hul teikengeboortegewig van 4,5 kg tot 5,5 kg bereik om maksimale lamoorlewing en uierontwikkeling by die ooie te verseker.

Die laaste twee maande van dragtigheid is die belangrikste produksiestadium van die ooie. Die ooie se behoefte aan deurvloei-eiwitte styg dramaties as gevolg van die vinnige groei van die fetus, uierontwikkeling en biesmelkproduksie.

Omdat hul ooie in lamhokke lam, begin hulle die diere reeds vyf weke vroeër gewoond maak aan die volvoerrantsoen wat hulle dan gaan kry. Dit bestaan uit 'n mengsel van Maxiwol-konsentraat, Procon 33, mieliemeel, melassemeel en voerkalk, met armmanuslusern as ruvoerbron. Aanvanklik kry die ooie 500 g van die rantsoen per dag, wat stelselmatig met 250 g per week verhoog word, totdat dit 2 kg per dag 'n week voor lamtyd beloop.

Voor lamtyd word die ooie na kampies buite die lamskuur gebring. Sodra die eerste ooilam, word die ooie een-een in 'n lamhok gesit. Daar het die ooie vrye toegang tot die volvoerrantsoen, wat twee keer per dag aangevul word.

Ooie met een lam bly sowat vyf dae ná lamtyd in die hok, dié wat twee lammers kry, so-

HULPMIDDEL

Lamhokstelsel die geld werd

Lamhokke is waarskynlik die beste hulpmiddel om lamverliese vanaf lam- tot speentyd tot onder 5% te beperk. "Ons het al siklusse gehad waarin dit onder 1% was," sê mnr. Dolf Bam van die plaas Waterval tussen Amersfoort en Wakkerstroom.

In die hokke kan die ooie en haar lam(mers) ongehinderd bind, wat voorkom dat hulle wegdwaal of die ooie hulle weggooi, en hulle kan in die eerste paar uur ná geboorte genoeg biesmelk suip. Dit beskerm ook die lammers teen die elemente en keer dat jakkalse die boer se wins opvreet.

Sommige boere beweer so 'n stelsel bevorder swak moedereienskappe, maar syns insiens vergemaklik lamhokke die bywerk van inligting en die seleksie van meerderwaardige ooie wat meerlinge kry. Ooie wat sukkel om te lam, te min melk het, hul lammers afskeep en speen- en ander probleme het, kan dadelik gemerk en later uitgeskot word.

Die beperking van lamverliese alleen vergoed oor en oor vir die koste van die lamhokke, sê Bam. In 'n gewone ekstensiewe boerdery kan die lamverliese tot 25% wees. Hul verliese

voor hulle die hokke begin gebruik het, was 15%, met 'n lampersentasie van 130 in 'n stelsel van klein kampies. Die tabel wys watter verskil dit in geval van 'n verlagings van 20% in die getal lammers wat aankom, en 'n styging van 10% in lamverliese aan die boer se wins maak. Dit daal van R940/ooie tot R628/ooie per jaar.

Die koste van hul skuur met lamhokke was sowat R500 000 en daar word nou sowat 3 700 lammers per jaar gebore. As die verlies tot 5% beperk kan word, beteken dit 'n ekstra 375 lammers per jaar met 'n slaglamwaarde van R225 000. Die kapitaal-uitleg kan dus maklik binne drie jaar gedelg word net met die verlagings van 10% in lamverliese.

Vir dié geld kan 'n boer teen die heersende grondpryse sowat 60 ha grond bykoop. Hy kan dan daarop met 'n ekstra 80 skape boer wat hom sowat 100 lammers ekstra kan gee en waarvan die jakkalse die helfte kan opvreet.

Die uitwerking van reproduksie op winsgewendheid

	225% lammers en 5% vrektes	195% lammers en 15% vrektes
Getal teelooie	1 800	1 800
Vervanging	35%	35%
Lampersentasie	225	195
Vrektes	5%	15%
Marge/ooie/jaar	R940	R628
Aannames:		
Kolom 1 - 225% lammers (150 x 3 gedeel deur 2) en verliese beperk tot 5%		
Kolom 2 - 20% minder lammers (130 x 3 gedeel deur 2) en lamverliese verhoog tot 15%		

wat sewe dae en ooie met drie- en vierlinge tien dae. Dan gaan hulle in groepe van 30 ooie met hul lammers na kampies van ongeveer 'n kwart hektaar groot waar die ooie steeds vrye toegang tot dieselfde rantsoen as in die lamhokke het.

Ná sowat 'n week, as die lammers sterk genoeg is, word hulle saam met die ooie geskuif na natuurlike weidings in die somer; of weimielies, groenvoer, oesreste en Japannese radyse in die winter, met die toepaslike byvoeding vir die ooie en kruipvoeding vir die lammers.

Omdat die lammers kruipvoeding kry, kan hulle al op 60 dae tot 70 dae gespeen en dus vroeër bemerk word. Die Bams rond die lammers self in hul voerkraal af. Omdat die lammers vroeër gespeen en afgerond word, kan hulle 10% tot 20% meer ooie op die plaas aanhou, wat die vleis- en wolproduksie per hektaar aansienlik verhoog.

Goeie boekhouding is nodig om die inentings- en doseerprogram in dié stelsel in stand te hou. Dit moet by die ooie se lamsiklusse aangepas word, aangesien sekere middels spesifieke tye voor lamtyd toegedien moet word.

Die geheim om die grootste wins te maak, is dat 'n mens die regte ding op die regte tyd reg moet doen. Daarby is die Dormer uiters geskik om in 'n terminale kruisteelprogram op minstens 20% van 'n boer se wolskaap kudde te gebruik en so basterkrag te benut. Met die heersende goeie wol- en vleispryse kan so 'n stelsel die winsgewendheid van 'n wolskaapboerdery aansienlik verhoog, meen Dolf.

Kommersiële boere kom onder al hoe meer druk met sprake van beperking op grondbesit, hoë grondpryse en arbeidskewessies. Die stelsel wat die Bams gebruik, leen hom tot die vertikale uitbreiding van die onderneming sodat boere op kleiner stukke grond kan oorleef. 